Maleagi

1. Inleiding

Die naam Maleagi beteken My boodskapper. Ons weet nie of dit die profeet se regte naam was en of dit net 'n gebruiksnaam / skuilnaam / pseudoniem vir hom was nie.

מלאכ is die Hebreeuse woord wat in die Septuagint vertaal word met **εν χειρι αγγελου αυτου** Net die feit dat die Jode dit voor die tyd van Jesus al self so vertaal het, is dus 'n aanduiding dat Maleagi nie die profeet se regte/eienaam was nie.

Die toestande waaronder die volk geleef het, was hard. Van al die beloofde voorspoed het daar nog niks waar geword nie. Die volk het begin glo dat die profete hulle belieg het en dat God hulle in die steek gelaat het.

Die dinge het daarop uitgeloop dat die volk 'n onbekommerde houding teenoor hulle godsdiens en aanbidding ingeslaan het. Die standaarde wat God gestel het, het nie meer vir hulle enige waardes gehad nie.

Teen dié agtergrond is Maleagi se boodskap tot vandag toe aktueel: Die eise van God geld nou en vir altyd en is daar om nagekom te word!

2. Datering

Die boek word gewoonlik gedateer tussen 460 en 430 v.C. - moontlik net voordat Nehemia die goewerneur van Jerusalem geword het, of net nadat hy later weer teruggegaan het. Anders gestel: Die boek word geskryf ongeveer 80 jaar nadat Haggai en Sagaria die mense aangespoor het om die tempel te herbou.

Hoe kom die geleerdes daarby uit? Feitlik alle geleerdes is dit eens dat Maleagi opgetree het na Haggai en Sagaria, want verskillende dinge waarvan Maleagi praat, wys daarop dat die herbou van die tempel reeds voltooi was. (Onthou, Haggai en Sagaria het hulle daarvoor beywer dat die tempel se herbouery voltooi moes word.)

Vergelyk hiervoor die volgende verwysings:

Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie! Ek het in julle geen welgevalle nie, sê die Here van die leërskare, en in 'n offer uit julle hand het Ek geen behae nie. (Maleagi 1:10 AFR53)

Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 3:1 AFR53)

Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seënsal uitstort nie. (Maleagi 3:10 AFR53)

Daar is nog meer tekste wat daarop wys dat die offerdiens alreeds gevestig was:

Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die Here is veragtelik. En as julle 'n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die Here van die leërskare. Smeek dan nou tog die aangesig van God, dat Hy ons genadig kan wees! Sulke dinge is deur julle gedoen - sal Hy dan om julle ontwil goedgesind wees? sê die Here van die leërskare. Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie! Ek het in julle geen welgevalle nie, sê die Here van die leërskare, en in 'n offer uit julle hand het Ek geen behae nie. Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die Here van die leërskare. Julle daarenteen ontheilig dit as julle sê: Die tafel van die Here is verontreinig, en wat sy opbrings betref - sy spys is veragtelik. En julle sê: Kyk, wat 'n moeite! En julle verag dit, sê die Here van die leërskare; en julle bring geroofde en lam en siek diere - so bring julle dan die offer! Kan Ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem? sê die Here. Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee 'n manlike dier is, 'n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan die Here offer; want Ek is 'n groot Koning, sê die

Here van die leërskare, en my Naam is gedug onder die heidene. (Maleagi 1:7-14 AFR53)

Kyk, Ek sal julle nakomelingskap bedreig, en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra. (Maleagi 2:3 AFR53)

Mag die Here van die man wat so iets doen, uitroei hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die Here van die leërskare bring. En boonop doen julle dít: julle bedek die altaar van die Here met trane, met geween en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. (Maleagi 2:12-13 AFR53)

Ons weet dat die tempel in die jaar 516 v.C. klaar herbou was. Die profesie van Maleagi moes dus eers daarna gewees het. Dit beteken dat Maleagi 'n tydgenoot van Esra en Nehemia moes gewees het.

Is daar meer rede om so te dink, behalwe die feit dat die tempel toe reeds voltooi was? Die antwoord is 'n duidelike JA!

Maleagi kla oor die volgende sondes van sy tyd:

- Die nalatigheid van die offers: Maleagi 1:6-2:9
- Die versuim van die volk om hulle verpligte bydraes af te dra: Maleagi 3:6-12
- Die gebroke huwelike: Maleagi 2:10-16
- Die volk se verstarde sondebegrip: Maleagi 2:17; 3:13-15

Dieselfde dinge wat bestry word, is byvoorbeeld:

- Die bestryding van gemengde huwelike: Maleagi 2:10-12 en Esra 9 en 10 en Nehemia 9, 10, 13.
- Die nalatigheid om bydraes na die tempel toe te bring: Maleagi 3:6-12 en Nehemia 13:10-14.

Dan is daar natuurlik ook die verskil dat Nehemia ernstig preek teen dinge waarteen Maleagi nie preek nie, soos die Sabbatskwessie: Nehemia 13:15-22.

3. Indeling van die boek

3.1 Die struktuur van die boek Maleagi

Die boek Maleagi het in die Hebreeuse Bybel net drie hoofstukke teenoor die vier hoofstukke wat dit in die Septuagint, die Vulgaat en alle moderne vertalings het. Die vierde hoofstuk is nie 'n byvoegsel nie. Dis slegs die laaste ses verse van hoofstuk 3 (3:19-24) wat in 'n vierde hoofstuk ingedeel is.

Die boek is saamgestel uit 'n klomp profesieë van gelyke opbou.

- Hoofstuk 1:1 Die opskrif met die vermelding van die aard, bestemming en instrument van die profetiese prediking in hierdie boek
- Hoofstuk 1:2-5 Die verkiesende liefde van die Here vir sy volk
- Hoofstuk 1:6-2:9 (offerdiens en priesterskap - strafrede) Onheilige offerdiens (1:6-14) - die priesters in die weegskaal (2:1-9)
- Hoofstuk 2:10-16 (dreigrede) Bestraffing van gemengde huwelike en egskeiding
- Hoofstuk 2:17-3:5 (twyfelvrae en eskatologie) Eerste aankondiging van die dag van die Here - hier veral tot die loutering van die volk en die priesters
- Hoofstuk 3:6-12 (twyfelvrae en eskatologie) Die versuim van die volk om hulle verpligte bydraes te bring is die oorsaak van die heersende rampspoed
- Hoofstuk 3:13-4:3 Die tweede aankondiging van die dag van die Here met nadruk op die aspekte van gerig en heil - respektiewelik vir die goddeloses en die vromes in Israel
- Hoofstuk 4:4-6 Slotwoord: vermaning om die wet van Moses te onderhou. Aankondiging van die optrede van die profeet Elia voor die koms van die dag van die Here.

Drie van die perikope bevat profesieë teen die volk.

3.2 'n Moontlike werkbare indeling van die inhoud van die boek Maleagi

3.2.1 Hoofstuk 1 - God se liefde

Maleagi se vertrekpunt is God se liefde. Die volk het op daardie stadium ekonomies baie swaar gekry. Hulle was ook onder konstante druk van die volke wat intussen die land beset het.

Vergelyk hiervoor Nehemia 1:3, 4:

En hulle het vir my gesê •: Die oorgeblewenes wat vrygekom het uit die gevangenskap daar in die provinsie, verkeer in groot ellende en in smaad, en die muur van Jerusalem lê stukkend en sy poorte is met vuur verbrand. En toe ek hierdie woorde hoor, het ek gesit en ween, en ek het dae lank getreur; en ek het gevas en gebid voor die aangesig van die God van die hemel (Nehemia 1:3-4 AFR53)

Die teruggekeerde Israeliete het gemeen dat hulle van God se liefde niks sien nie. Al antwoord wat hulle gekry het, was dat hulle na hulle familievolk, die Edomiete (Esau) moet kyk. Hulle is net soos die Israeliete deur die Babiloni'rs platgeloop (Obadja 1:7) - en ook nie weer herstel nie!

. . . maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee. As Edom sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou - dan sê die Here van die leërskare dit: Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en: Die volk waarop die Here vertoornd is tot in ewigheid! En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is die Here oor die gebied van Israel! (Maleagi 1:3-5 AFR53)

Israel was in 'n besondere Vader-seun verhouding tot God, maar hulle afskeep-offers het gewys dat hulle 'n baie bleek gesindheid teenoor God gehad het.

'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My? sê die Here van die leërskare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag? Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die Here is veragtelik. En as julle 'n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die Here van die leërskare. (Maleagi 1:6-8 AFR53)

Hulle het natuurlik God se voorskrifte goed geken: Levitikus 22 en Deuteronomium 15 en 17.

Maar met hulle afskeep-offers het hulle die Almagtige God se grootheid verneder en onteer.

Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die Here is veragtelik. En as julle 'n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die Here van die leërskare. (Maleagi 1:7-8 AFR53)

Julle daarenteen ontheilig dit as julle sê: Die tafel van die Here is verontreinig, en wat sy opbrings betref - sy spys is veragtelik. En julle sê: Kyk, wat 'n moeite! En julle verag dit, sê die Here van die leërskare; en julle bring geroofde en lam en siek diere - so bring julle dan die offer! Kan Ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem? sê die Here. Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee 'n manlike dier is, 'n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan die Here offer; want Ek is 'n groot Koning, sê die Here van die leërskare, en my Naam is gedug onder die heidene. (Maleagi 1:12-14 AFR53)

Daarom suggereer die profeet Maleagi dat dit beter sal wees as hulle liewer die tempel heeltemal toemaak en alle offers staak.

Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie! Ek het in julle en welgevalle nie, sê die Here van die leërskare, en in 'n offer uit julle hand het Ek geen behae nie. (Maleagi 1:10 AFR53)

Die profeet verwyt hulle dat daar heidene is wat in staat is om die Here te dien soos Hy dit van die Israeliete verwag, maar wat hulle dan inderdaad nie doen nie.

Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word

tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 1:11 AFR53)

3.2.2 Hoofstuk 1:2-5 - Die verkiesende liefde van die Here vir sy volk

Ek het julle liefgehad, sê die Here. Nogtans vra julle: Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die Here. Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee. As Edom sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou - dan sê die Here van die leërskare dit: Laat hulle bou, Ek breek dit tog af; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en: Die volk waarop die Here vertoornd is tot in ewigheid! En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is die Here oor die gebied van Israel! (Maleagi 1:2-5 AFR53)

Die vertrekpunt is:Die Here het Jakob (Israel/Jode) liefgehad. Die Verbondsgod het liefgehad.

Dan slaan die vers oor in 'n dialoog: Die boodskapper praat namens die Here wat antwoord op die volk se verwyte! Julle vra: Waarin het die Here onŒs liefgehad?

Hiermee stel die profeet iets van die tyd baie duidelik:

1. Die gelowiges het die liefde en die vrymagtige optrede van God bevraagteken.
2. Hulle het hulle eie verwagtings gehad, en die Here verkwalik omdat Hy nie daaraan voldoen het nie!

Eintlik moes die Here hulle net daar doodgemaak het, maar in sy ewige geduld doen Hy dit nie. Hy lewer vir hulle die bewys dat Hy hulle liefgehad het:

- Liefgehad beskryf die daad van die Here waarmee Hy Israel in sy liefde verkies het as sy volk.
- Die Here verduidelik die antwoord dan verder deur 'n vergelyking te tref tussen Jakob en Esau - want dis inderdaad waar dit in die geskiedenis openlik tot uiting begin kom het.
- Israel en Edom is broedervolke, maar kyk hoe verskillend het die Here hierdie twee volke behandel:
    - Die Here het Jakob liefgehad
    - Maar Esau gehaat (v.3) en verwerp

Die liefde en verwerping het by die twee stamvaders begin, en is ten tye van die profesie nog steeds deur die Here gehandhaaf. In daardie stadium het die Here dit deur die twee volke se nasate gedemonstreer.

NB: Hiermee word dit baie duidelik gestel dat die Here in sy raad vrymagtig optree: Hy beskik oor die geskiedenis (lot) van volke soos Hy wil en niemand skryf Hom daarin voor wat Hy moet doen nie.

Die res van vers 3 en vers 4 openbaar dat die Here se verdelging van Edom duursaam sal wees (is!). Al probeer die Edomiete weer iets opbou van dit wat die Here laat verwoes het, sal die Here dit doodgewoon weer verwoes en afbreek.

Vers 5

Juda moet na al die dinge kyk wat om hulle gebeur. Die geskiedenis moet hulle dwing tot dankbaarheid om te erken dat die Here groot is oor Israel se gebied. Die kontras tussen hulle en Edom sal hulle laat besef hoe lief die Here hulle het.

Hoofstuk 1:6-2:9 - Offerdiens en priesterskap - strafrede

Onheilige offerdiens (1:6-14) die priesters in die weegskaal (2:1-9)

'n Seun eer die vader, en 'n kneg sy heer. As Ek dan 'n Vader is, waar is my eer? En as Ek 'n Heer is, waar is die vrees vir My?sê die Here van die leërskare aan julle, o priesters, wat my Naam verag! Maar julle sê: Waardeur het ons u Naam verag? Julle bring spys wat verontreinig is, op my altaar, en dan vra julle: Waardeur het ons U verontreinig? Deurdat julle sê: Die tafel van die Here is veragtelik. En as julle 'n blinde dier bring om te offer, is dit geen kwaad nie! En as julle 'n lam of 'n siek dier bring, is dit geen kwaad nie! Bring dit tog vir jou goewerneur! Sal hy 'n welgevalle aan jou hê of jou goedgesind wees? sê die Here van die leërskare. Smeek dan nou tog die aangesig van God, dat Hy ons genadig kan wees! Sulke dinge is deur julle gedoen - sal Hy dan om julle ontwil

goedgesind wees? sê die Here van die leërskare. Ag, was daar maar iemand onder julle wat die deure wou sluit, sodat julle nie tevergeefs vuur op my altaar kan aansteek nie! Ek het in julle geen welgevalle nie, sê die Here van die leërskare, en in 'n offer uit julle hand het Ek geen behae nie. Want van die opgang van die son tot sy ondergang toe is my Naam groot onder die heidene; en in elke plek word tot eer van my Naam reukwerk gebring en 'n rein offer; want my Naam is groot onder die heidene, sê die Here van die leërskare. Julle daarenteen ontheilig dit as julle sê: Die tafel van die Here is verontreinig, en wat sy opbrings betref - sy spys is veragtelik. En julle sê: Kyk, wat 'n moeite! En julle verag dit, sê die Here van die leërskare; en julle bring geroofde en lam en siek diere - so bring julle dan die offer! Kan Ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem?sê die Here. Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee 'n manlike dier is, 'n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan die Here offer; want Ek is 'n groot Koning, sê die Here van die leërskare, en my Naam is gedug onder die heidene. (Maleagi 1:6-14 AFR53)

In hierdie gedeelte begin boetepredikiking. Dit word spesifiek aan die priesters geadresseer. Twee dinge is egter duidelik:

- Die priesters doen self gruwelike sondes.
- Die sondes van die priesters is ook die sondes van die volk. Die priesters is dus verteenwoordigend van die volk.

Vers 6a

Die klag teen die priesters hou in dat die Here nie geëer word nie. Die Here het die reg daarop dat Hy geëer moet word. Hy gebruik die beeld van 'n seun en van 'n kneg: 'n seun eer sy pa en 'n kneg eer sy heer.

Hiermee het die profeet 'n baie ou beeld opgeroep: Die Here is die Vader van Israel. Hulle het dit onder andere uit die volgende tekste afgelei:

Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels - die Here alleen het hom gelei, en daar was geen vreemde god by hom nie. Hy het hom laat ry op die hoogtes van die aarde, en hy het die opbrings van die veld geëet; en Hy het hom heuning uit die rots laat suig en olie uit die klipharde rots; (Deuteronomium 32:11-13 AFR53)

En Ek self het Efraim leer loop. Hy het hulle op sy arms geneem, maar hulle het nie erken dat Ek hulle genees het nie. Met mensebande, met koorde van liefde het Ek hulle getrek; en Ek was vir hulle soos diegene wat die juk van hulle kakebeen af oplig; en Ek het My na hom neergebuig, Ek het hom voedsel gegee. (Hosea 11:3-4 AFR53)

Sien ook Deuteronomium 4:17-22.

Vers 6b-8a

Daarna kry die klag 'n adres, naamlik die wat die dinge moes weet en toe nie gaan doen het nie - die priesters.

Volgens die openbaringstyl wat die profeet gebruik, stel hy nou die priesters aan die woord dat hulle kan vra wat hulle dan gedoen het waarmee hulle die Here sou minag.

Met hierdie vertelstyl skep hy die geleentheid dat hy die verwyt van die Here nader kan uitwerk. Wat moes die priesters doen? Hulle moes die volk seën en vir hulle bid.

- Die Here kom dan aan die woord (v. 7) en wys die priesters daarop dat hulle onrein offers (spyse van God) op die altaar laat beland.
- Die Here sien dit as minagting van Hom - wat hulle by die altaar aanvang, is die simbool van wat hulle van Hom dink.
- Die siek en blinde en lam diere wat hulle bring is die bewys van hoe hulle geloof al vervlak het en hoe hulle al van God af weggegroei het. Hulle sien daar niks mee verkeerd nie. Dit beteken dat die wet vir hulle verval het: Die priesters het dus doodgewoon hulle eie bedoeling bo-oor die eise van God gaan neerskryf. Die voorskrifte wat God gegee het, was duidelik en geldend:

Julle mag nie iets bring waar 'n liggaamsgebrek aan is nie, want dit sal julle nie ten goede kom nie. En as iemand 'n dankoffer aan die Here offer om 'n besondere gelofte te volbring of as vrywillige offer, van die beeste of die kleinvee, dan moet dit sonder gebrek wees, sodat dit welgevallig kan wees; geen liggaamsgebrek mag daaraan

wees nie. Wat blind is of wat gebreekte of verminkte liggaamsdele het of swere of skurfte of uitslag dit moet julle aan die Here nie bring nie, en daarvan mag julle vir die Here geen vuuroffer op die altaar lê nie. Maar 'n bees of stuk kleinvee waarvan 'n liggaamsdeel te lank of te kort is, mag jy as vrywillige offer berei; maar as gelofte offer sal dit nie met welgevalle aangeneem word nie. 'n Dier wat ontman is deur vrywe of stamp, deur uitskeur of uitsny, mag julle aan die Here nie bring nie: in julle land mag julle dit nie doen nie, en uit die hand van 'n uitlander mag julle van al hierdie diere aan julle God geen spys bring nie, want hulle verminking is aan hulle, 'n liggaamsgebrek is aan hulle: hulle sal vir julle nie met welgevalle aangeneem word nie. (Levitikus 22:20-25 AFR53)

Maar as daar 'n liggaamsgebrek aan is - lam of blind, enige lelike gebrek - dan moet jy dit nie aan die Here jou God offer nie; (Deuteronomium 15:21 AFR53)

Die taak van die priesters was dus om die volk te leer dat die Here nie minderwaardige diere aanvaar nie! Hulle moes geweier het om dit te offer. Die gesindheid van die volk en die priesters was dus nie reg nie!

Vers 8b-9

Ons lees op 'n paar plekke van die goewerneurs wat daar was en hoe hulle aangestel is: Die goewerneur moes verantwoording doen aan die Persiese owerheid.

In die tweede jaar van koning Daríus, op die eerste dag van die sesde maand, het die woord van die HERE deur die diens van die profeet Haggai gekom tot Serubbábel, die seun van Seáltiël, die goewerneur van Juda, en tot Josua, die seun van Jósadak, die hoëpriester, en gesê: (Haggai 1:1 AFR53)

En ook die goue en silwervoorwerpe van die huis van God wat Nebukadnésar uit die tempel in Jerusalem weggevoer en in die tempel van Babel gebring het, dit het koning Kores uit die tempel van Babel uitgehaal, en dit is oorhandig aan een, met die naam van Sésbassar, wat hy as goewerneur aangestel het; (Esra 5:14 AFR53)

Ook van die dag af dat ek aangestel is om hulle goewerneur te wees in die land Juda, van die twintigste jaar af tot die twee en dertigste jaar van koning Artasásta, twaalf jaar lank, het ek en my broers die brood van goewerneurs nie geëet nie; (Nehemia 5:14 AFR53)

Die volk het baie goed verstaan dat die goewerneur nie bereid sal wees om die swak tipe diere wat hulle vir die Here offer, as belasting sou aanvaar nie.

- Die rede: Vrees vir die Persiese koning.
- Die implikasie: As die goewerneur te bang is vir die Persiese koning om siek diere vir hom aan te bied, hoeveel meer moet ons dan nie vrees vir die Here hê • vir die tipe offers wat ons vir Hom bring nie!
- Hoe kan iemand verwag die Here moet met iets tevrede wees waarmee 'n sondige mens nie eers tevrede is nie?!
- Die antwoord is dus: Sulke offers is tevergeefs! Die Here aanvaar dit nie. Van 'n offer wat die Here nie aanvaar nie en die gevolge daarvan lees ons reeds in die offer van Kaín (Genesis 4:3-5).

Daar is twee sake van belang in dié verse:

- Die mense se offers stem nie die Here gunstig nie - so asof mens Hom daarmee kan beïndruk. Dit gaan daaroor dat die mens en sy offer en die gebede wat daarmee gepaard gaan van die mens se kant af waardering vir God se genade uitdruk. Dít stem die Here gunstig.
- Die tweede saak is dat die priesters (dominees!) in 'n sekere sin as middelaarsgestaltes tussen God en die kerkvolk optree. Die voorbeeld van die dominee gaan hom op die kerkvolk wreek as hy aanhoudend 'n slegte voorbeeld stel, of as hy sy eie insigte hoër ag as dié van die Here. Dan gaan die Here hom straf en die volk se sondes op sy rekening plaas.

Vers 10

As gevolg van die toestand van geloofsvervlakking word die wens uitgespreek dat een van die priesters tog maar liewer die insig aan die dag moet lê om die tempel se deure te gaan sluit.

- Dis juis die deure wat toegang gegee het na die binneplein waar die brandofferaltaar gestaan het.
- Om die deure te sluit beteken in die teks net dat die onterende godsdienspraktyke tot 'n einde gemaak moet word. Dit is nie 'n opdrag wat vir altyd - ook in ons tyd - geldend is nie. Dit het net daardie tyd se offergebruike gegeld omdat die Here niks daarvan gehou het nie.

Vers 11

Die Here motiveer waarom die priesters se offers afgewys word: Die Here sê die hele wêreld bring vir Hom ordentlike offers en respekteer sy Naam na behore.

Die vraag is: Wat beteken dit? Die heidene het tog nie die Here aanbid nie, want dan kan hulle tog nie heidene wees nie.

Daar is twee punte van belang:

- Die eerste geld die tyd toe Maleagi geskryf het. Daarin verwys die woorde na al die Jode wat vestrooi was tussen al die heidennasies deur. Hulle het nog respek vir die Here se Naam en vir die offers gehad.
- Die tweede geld die toekoms: Die Messiaanse heilstyd. Dit verwys dus na die tydperk na die tweede koms van die Here Jesus, oftewel die hiernamaals.

Vers 12, 13

Hier kom die Here terug na die priesters toe. Die Here verwyt die priesters - die inhoud is basies dieselfde as die van vers 6b en 7. Die priesters ontheilig die Naam van die Here.

- Hulle doen dit met hulle praatjies.
- Dit wat hulle sê, is dit wat in hulle harte leef - dit is wat hulle dink.
    - Hulle het gedink dit is reg dat die altaar van die Here verontreinig word.
    - Hulle het dus die offers geminag.

Net soos vers 8 stel vers 13 die priesters ook weer aan die kaak:

- Hulle het nie hulle ampswerk as 'n voorreg beskou nie. Hulle het geloop en vertel dat dit moeite is.
- Omdat hulle geloop en kla het, het hulle minagting van hulle diens uitgeloop op onwaardige offers.
- Die uitdrukking hulle blaas daarop is maar 'n idioom waarmee hulle minagting vir die offers uitgedruk word.
- Die swak en minderwaardige offers word gemotiveer met drie verskillende verwysings:
    - Lam diere
    - Siek diere
    - Gesteelde diere

Vers 14

Vervloek is ook die bedrieër wat, terwyl daar onder sy kleinvee 'n manlike dier is, 'n gelofte doen en tog iets wat vermink is, aan die Here offer; want Ek is 'n groot Koning, sê die Here van die leërskare, en my Naam is gedug onder die heidene. (Maleagi 1:14 AFR53)

In die priesters se sondes was die volk se sondes ingesluit.

- Daarom sluit die vloek wat die Here uitspreek ook by die vorige vers aan.
- Die priesters is vervloek oor dit wat hulle aanvang, maar vervloek is ook diŽ onder die volk wat allerhande knoeiery met die offerdiere bedryf.
- Dan gaan dit veral oor diegene wat die offer aan die Here so goedkoop as moontlik wil afmaak.
- Daardie persoon kom dan met 'n slegte offer - siek, lam of gesteelde diere.

Dit gaan in hierdie vers veral oor gelofte-offers. Dit staan teenoor dankoffers. By die dankoffer kon die persoon wat offer ook vroulike diere offer. Die dankoffer was ook 'n maaltydoffer.

En as iemand 'n dankoffer aan die Here offer om 'n besondere gelofte te volbring of as vrywillige offer, van die beeste of die kleinvee, dan moet dit sonder gebrek wees, sodat dit welgevallig kan wees; geen liggaamsgebrek mag daaraan wees nie. (Levitikus 22:21 AFR53)

Dit moes net 'n dier sonder gebrek wees.

maar hy mag nie na die voorhangsel gaan en na die altaar nie nader kom nie, omdat 'n liggaamsgebrek aan hom is, dat hy my heiligdomme nie ontheilig nie; want Ek is die Here wat hulle heilig. (Levitikus 21:23 AFR53)

Met die gelofte-offer was dit anders.

- Dan moes hulle manlike diere bring.
- 'n Manlike dier wat geen gebrek gehad het nie, was die waardevolste dier.
- Die Here het juis so 'n offerdier gevra (wat vrywillig gebring moes word) vir hierdie offer.

Maleagi 2:1-9
Dan kom die priesters weer aan die beurt as gevolg van die offers wat onrein is.

En nou, priesters, tot julle kom hierdie gebod. As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die Here van die leërskare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie. Kyk, Ek sal julle nakomelingskap bedreig, en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra. En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit my verbond kan wees met Levi, sê die Here van die leërskare. My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe. Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring. Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare. Maar júlle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die Here van die leërskare. So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak. (Maleagi 2:1-9 AFR53)

Vers 1, 2

Daar word 'n besluit van die Here afgekondig!

- Die besluit is inderdaad 'n voorwaardelike vonnis.
    - As die betrokkenes nie hoor en hierdie saak ter harte neem (tot bekering kom) nie, gaan die besluit in werking tree.
    - Die vloek van God wat oor hulle sal uitgaan, is sy Krag wat hulle gaan verdelg. Vergelyk hierby Sagaria 5.

Daarop sê hy vir my: Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land; want ooreenkomstig daarmee sal al die diewe hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word. En laat dit uitgaan, spreek die Here van die leërskare, en dit sal kom in die huis van die dief en in die huis van hom wat vals sweer by my Naam; en dit sal binne - in sy huis vernag en dit verteer saam met sy balke en sy klippe.(Sagaria 5:3-4 AFR53)

- Hierdie vloek van die Here gaan ook die amp van die priesters tref: Die Here gaan die seën wat hulle uitspreek vervloek.
    - Dit beteken dat die Here die seën van die priesters in die teendeel gaan verander: in plaas daarvan dat dit die krag van die Here uitdra, gaan dit die vloek van die Here uitdra.

Vers 3

Kyk, Ek sal julle nakomelingskap bedreig, en Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra. (Maleagi 2:3 AFR53)

In hierdie vers word die dreigement teen die priesters voortgesit.

Die uitdrukking wat hier vertaal word met Ek sal julle nakomelingskap bedreig, kom op ander plekke in die Bybel ook voor en word daar anders vertaal.

- Daar word dit vertaal met Ek sal hulle arms afkap.

Kyk byvoorbeeld na:

want die arms van die goddelose sal verbreek word, maar die Here ondersteun die regverdiges. (Psalms 37:17 AFR53)

Weduwees het jy met leë hande weggestuur, en die arms van die wese is verbrysel. (Job 22:9 AFR53)

Kyk, die dae kom dat Ek jou arm en die arm van jou vader se huis sal afkap, sodat daar geen bejaarde in jou huis sal wees nie. (1 Samuel 2:31 AFR53)

- Die Afrikaanse vertaling vokaliseer die Hebreeuse teks in hierdie geval so dat dit betrekking het op die nageslag - wat sekerlik die bedoeling van die idioom is! Eli se arm is juis afgekap daarin dat sy nageslag almal uitgeroei is.
- Veral in die Bybel se tyd was dit die simbool daarvan dat so 'n persoon ontkrag is. Al sy mag is van hom af weggeneem.
- In die geval van Maleagi se prediking sal dit die verdere betekenis hê • dat hierdie priesters se nageslag nie meer in die amp sal wees nie. Die amp word dus van hulle af weggeneem (soos Korag en sy mense?).

Dis dan ook presies die betekenis van die res van die vers.

. . . Ek sal mis op julle gesigte strooi, die mis van julle feeste; en hulle sal julle na die mishoop dra.

- Die woord mis sinspeel op die (pens)mis van die diere wat geoffer is. Dit sal in die priesters se gesigte gegooi word.
- Die bedoeling is dat hulle kan voel hoe die Here voel oor die geknoeide en sieklike en lam offers wat hulle voor sy aangesig neersit!
- Uiteindelik word die priesters (soos die mis van die offerdiere) na die mishoop (die ashoop buite Jerusalem: Gehenna) toe weggedra.
- Dan is hulle uit hulle amp uit.

Vers 4

En julle sal gewaar word dat Ek julle hierdie gebod gestuur het, dat dit my verbond kan wees met Levi, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 2:4 AFR53)

As die priesters afgesit is uit hulle amp, sal hulle agterkom dat die Here hierdie gebod/besluit op hulle afgestuur het.

Levi, beteken natuurlik die stam van Levi, naamlik die priesters. Die Here gaan Hom hou by die reël wat vir die priesters vasgelê is, naamlik dat die Here die priesters wat hulle nie in hulle amp gedra nie, deur Hom getref gaan word met die goddelike vloek. Die profeet verwys hier na dit wat in vers 2 staan:

As julle nie gehoor gee nie, en as julle dit nie ter harte neem om my Naam eer te bewys nie, sê die Here van die leërskare, dan sal Ek die vloek onder julle stuur en julle seëninge in 'n vloek verander; ja, Ek het dit alreeds vervloek, omdat julle niks ter harte neem nie.

Vers 5

My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe. (Maleagi 2:5 AFR53)

Teenoor die verbond wat voortaan sal geld, word die verbond gestel wat tot nou toe gegeld het. Eers was dit 'n

verbond van liefde, nou is dit 'n verbond van vervloeking.

Inderdaad is dit nie twee verskillende verbonde nie: Dis dieselfde verbond.

- Al wat die Here in dié gedeelte doen, is om aan te toon dat daar verskillende uitkomste is tussen wanneer jy sy verbond goed hou teenoor wanneer jy dit verag!
- Maleagi lig net die vloekkant van die verbond uit.

Die beginsel is dus duidelik: Die voorregte van die verbond is op 'n manier afhanklik van die onderhouding of nakoming van die verbond.

- Die bedoeling was dat die Here lewe en vrede aan Levi gegee het sodat hulle die Here moet vrees.
- Die doel is bereik: Die priesters het die Here gevrees en voor sy Naam gebewe.
- Van die woestyn af tot later in Jerusalem was daar altyd 'n kern van Levitiese priesters wat vir die verbond van die Here opgekom het. Vergelyk hiervoor Esegiël 44:15

Maar die Levitiese priesters, die kinders van Sadok, wat die diens van my heiligdom waargeneem het toe die kinders van Israel van My af weggedwaal het, hulle moet na My toe nader kom om My te dien en voor my aangesig staan om aan My die vet en die bloed te offer, spreek die Here HERE . (Esegiël 44:15 AFR53)

Vers 6

Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtigheid teruggebring. (Maleagi 2:6 AFR53)

Die priesters het 'n betroubare wetsleer vir die volk geleer.

- So was die leer en die lewe van die priesters regtig 'n "wandel met die Here".
- Hulle het die volk dus voorgegaan in intieme gemeenskap met God.
- Hulle lewens was eerlik en sonder bedrog. Dit was volgens die styl van Miga 6:8.

Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? (Miga 6:8 AFR53)

- Die getrouheid van hulle ampsvervulling was dus 'n seën vir die volk.

Vers 7

Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die Here van die leërskare. (Maleagi 2:7 AFR53)

Die priester moet kennis van God hê.

- Hy moet die Here ken - intiem met die Here lewe.
- Maar hy moet ook kennis van die wet van die Here hê .

Die priester is 'n boodskapper (= Maleagi!) van die Here.

- Hy is dus deur die Here geroep en daarom aan die Here verantwoording verskuldig.
- Hy ontvang dus ook net soos 'n profeet sy opdragte by die Here en dit moet hy gaan doen en gaan sê.Vers 8, 9

Maar júlle het van die weg afgewyk, julle het baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die Here van die leërskare. So maak Ek julle dan ook veragtelik en gering by die hele volk, omdat julle my weë nie hou nie en partydig handel by die regspraak. (Maleagi 2:8-9 AFR53)

Daar is 'n skerp kontras tussen die hede en die verlede:

- Die huidige priesters is van die pad af - die pad/weg is dit wat God verorden het.
- Die priesters in Maleagi se tyd laat mense struikel - dis natuurlik die gevolg van die dwaalleer wat hulle verkondig en gelewe het.

Struikel beteken in die Bybel verskillende dinge.

- Soms beteken dit om sonde te doen.
- Ander kere beteken dit om mense in die verderf en ondergang te laat ingaan. Vergelyk Psalm 27:2:

As kwaaddoeners teen my nader kom om my vlees te eet - my teëstanders en my vyande, ja, myne - struikel hulle self en val. (Psalms 27:2 AFR53)

. . . het Hy hulle hart deur moeite verneder; hulle het gestruikel, en daar was geen helper nie. (Psalms 107:12 AFR53)

En baie onder hulle sal struikel en val en verbreek en verstrik en gevang word. (Jesaja 8:15 AFR53)

Daarom, so sê die Here: Kyk, Ek gooi struikelblokke voor hierdie volk waaroor hulle sal struikel, vaders en seuns tesame; die buurman en sy vriend sal omkom. (Jeremia 6:21 AFR53)

Daarom sal jy struikel bedags, en ook die profeet saam met jou struikel in die nag, en Ek sal jou moeder te gronde laat gaan. (Hosea 4:5 AFR53)

Al bogenoemde persone het ten gronde gegaan as gevolg van hulle sondes.

- In Maleagi 2:8, 9 is die bedoeling dus ook dat die mense ten gronde gegaan het, maar dat die priesters dit veroorsaak het - en dat hulle nog steeds daarmee besig is.
- So het hulle ook die verbond tot niet gemaak en van sy krag beroof.
- Daarom (vers 9) gaan die Here hulle die seëninge van die verbond ontneem.

Die partydig handel by die regspraak dui daarop dat die priesters omkoopgeld aangeneem het as hulle moet regspreek. Hulle regspraak was dus partydig, met ander woorde ten gunste van die wat hulle die meeste omkoopgeld gegee het.

3.2.4 Hoofstuk 2:10-16 (dreigrede)

Bestraffing van gemengde huwelike en egskeiding

Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig? Juda het troueloos gehandel, en 'n gruwel is in Israel en in Jerusalem gepleeg; want Juda het die heiligdom van die Here, wat Hy liefhet, ontheilig, en hy het die dogter van 'n uitlandse god getrou. Mag die Here van die man wat so iets doen, uitroei hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die Here van die leërskare bring. En boonop doen julle dít: julle bedek die altaar van die Here met trane, met geween en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. En julle vra: Waarom? Omdat die Here getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond. Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. Want Ek haat egskeiding, sê die Here, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die Here van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie. (Maleagi 2:10 - 16 AFR53)

In die gedeelte spreek die Here die volk aan deur sy boodskapper - nie meer die priesters nie.

Dit gaan oor twee sondes wat albei op dieselfde beginsel gegrond is:

- Party van die gelowige mans het met heidense vrouens getrou (v. 11 en 12).
- Sommige van die gelowige mans het van hulle vrouens geskei (v. 13-16).

Daar is teoloë wat meen dat dit saak so gestaan het dat dit gelowige mans wat van hulle vrouens geskei het om met ongelowige vrouens in die huwelik te kan tree. Die Bybel leer dit nie. Dit mag dalk voorgekom het, maar die Bybel leer glad nie dat dit die probleem was nie.

(Waarskynlik sou 'n man nie nodig gehad het om van sy vrou te skei om met 'n ongelowige vrou te kon trou nie. In daardie tyd was veelwywery nog baie algemeen - die man kon dus net doodgewoon nog 'n vrou by die ander een geneem het!)

Vers 10

Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig? (Maleagi 2:10 AFR53)

Die profeet begin met 'n algemene opmerking: Hy bestraf sy volksgenote omdat hulle met heidinne trou.

- Hy herinner hulle daaraan dat hulle almal een Vader het. Hy verduidelik wat hy bedoel: Een God het hulle geskape.
- Die een Vader is nie Abraham of Jakob nie - dis die HERE.

Dit gaan in die gedeelte nie daaroor dat die HERE buitendien die Skepper is van alle mense nie.

- Hier verwys dit na die verbond.
- Die HERE het Israel op 'n besondere manier geroep om op 'n baie wonderbaarlike wyse sy volk te wees.
- Die Israeliete word dus daarop gewys dat hulle op hierdie besondere manier in 'n kindsverhouding tot die HERE staan

Wat Maleagi dus doen, is om die Israelitiese mans daarop te wys dat hulle alleen in hierdie besondere verhouding tot die Here staan.

- Ander mense/volke - hulle heidin vroue - is nie deel van hierdie verhouding nie.
- Hulle mag nie met hulle trou nie, want dan bring hulle die vrouens in 'n verhouding in waar hulle nie mag wees nie.

Dit is waarom die profeet die huwelike met ongelowiges as ontrou teenoor die HERE kwalifiseer.

- Dis is dus vir die Israeliete sonde om met 'n ongelowige te trou, want daarmee doen hulle afbreuk aan die eenheid van hulle volk met mekaar, en terselfdertyd doen hulle afbreuk aan hulle kindsverhouding met God.
- Iemand wat sy vrou verstoot, handel ook troueloos teenoor haar, want hy verbreek die huwelik wat die beeld is van die verbond tussen hulle en God. Egskeiding beteken dus dat die man die verhouding tussen hom en die Here verbreek as hy sy vrou wegstoot. Vers 11, 12

Juda het troueloos gehandel, en 'n gruwel is in Israel en in Jerusalem gepleeg; want Juda het die heiligdom van die HERE, wat Hy liefhet, ontheilig, en hy het die dogter van 'n uitlandse god getrou. Mag die HERE van die man wat so iets doen, uitroei hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die HERE van die leërskare bring. (Maleagi 2:11-12 AFR53)

Die huwelike met heidene word nou bestraf. Dit word beskryf met twee terme van afkeur:

- Troueloos handel
- Gruwel pleeg
    - 'n Gruwel is iets afskuweliks of verfoeiliks.

Wie doen dit? Juda. Dit nogal die familie waaruit die Messias gebore moet word! En hulle doen die gruwel in die hoofstad van die Here: Jerusalem!

- Dit was vir die profeet baie erg dar die sonde gedoen word - soveel te meer oor die plek waar dit gedoen word!

- Daarom sê hy dat hulle met hierdie huwelike die heiligdom van die HERE ontheilig. Hy verwys natuurlik daarna dat die vrouens saam met hulle die offers bywoon!

Dit gaan nie daaroor dat dit vrouens is nie.

- Dit gaan daaroor dat hierdie vrouens nog 'n uitlandse god aanbid het.
- Hulle het nie die Here gedien nie.
    - Sy het dus nie die Here as Vader nie!

Maleagi se veroordeling van die heidense huwelike herinner sterk aan die stryd wat Esra en Nehemia daarteen gevoer het.

- Esra het dit reggekry om die manne wat heidense vroue gehad het, met kinders en al weg te stuur (Esra 9 en 10).
- Tydens Nehemia se eerste verblyf in Jerusalem het hy die volk weereens verplig om hulle van sulke huwelike te onthou.

verder dat ons ons dogters nie sou gee aan die volke van die land, en hulle dogters nie sou neem vir ons seuns nie; (Nehemia 10:30 AFR53)

- Hoe moeilik dit was om hierdie gruwel uit te roei, blyk uit die feit dat Nehemia tydens sy tweede verblyf in Jerusalem opnuut daarteen moes stry Nehemia 13:23-29

In dié dae het ek ook Jode gesien wat Asdodiese, Ammonitiese, Moabitiese vroue getrou het. En van hulle kinders het die helfte Asdodies gepraat, of die taal van watter volk ook al; maar hulle kon geen Joods praat nie. Daarom het ek met hulle getwis en hulle gevloek, en sommige van hulle geslaan en die hare uitgepluk en hulle by God besweer: Julle mag julle dogters nie aan hulle seuns gee, en julle mag nie van hulle dogters vir julle seuns of vir julleself neem nie! Het Salomo, die koning van Israel, nie deur hulle gesondig nie? Alhoewel daar onder baie nasies nie 'n koning gewees het soos hy nie en hy 'n liefling van sy God was, sodat God hom as koning aangestel het oor die hele Israel, het die vreemde vroue hom tog sonde laat doen. Moet ons nou van julle hoor dat julle al hierdie groot kwaad doen, om ontrou te handel teen God deur vreemde vroue te trou? En een van die seuns van Jójada, die seun van die ho'priester Éljasib, was 'n skoonseun van Sanbállat, die Horoniet; daarom het ek hom van my af weggeja. Dink aan hulle, my God, oor die bevlekking van die priesterskap en van die verbond met die priesterskap en met die Leviete. (Nehemia 13:23-29 AFR53)

'n Klompie jare later sit Maleagi weer met dieselfde stryd. In vers 12 spreek Maleagi profeties 'n vloek uit oor die man wat met 'n heidin trou:

Mag die HERE van die man wat so iets doen, uitroei

Die vloek sluit in dat iemand wat met 'n heidin getroud is, en hy het 'n seun, daardie seun geen regte het nie. Hy kan dus nie gereken word as 'n voortsetter van die familie nie.

- In die eerste plek mag so 'n seun nie optree in enige regsaksie (koopkontrakte, hofsake) nie
- Verder het so 'n kind ook geen godsdiensregte nie. Hy mag nie aan die HERE van die leërskare offer nie. Vers 13-16

En boonop doen julle dít: julle bedek die altaar van die HERE met trane, met geween en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie. (Maleagi 2:13 AFR53)

Nou trek die profeet los op die tweede sonde: die egskeidings!

Die sonde word in vers 13b net as inleiding genoem. Die profeet kom in vers 14 volledig daarby uit. Die profeet wys die volk daarop dat die Here nie meer hulle offers aanneem nie.

- Hulle ervaar dit in hulle teëspoede
- Hulle ervaar dit daarin dat hulle gebede onverhoord bly

Nou staan hulle in smart en radeloosheid by die altaar van die Here en bedek dit met trane. Dis tevergeefs om by die altaar te staan en huil as die volk nie hulle sondes regmaak nie.

Vers 14

En julle vra: Waarom? Omdat die HERE getuie is tussen jou en die vrou van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond. (Maleagi 2:14 AFR53)

NB Die profeet is weer besig met die tweegesprekstyl waarmee hy sy profesie begin het!

In vers 14 vra die volk: Waarom? Waarom gebeur al die dinge met hulle?

Die antwoord is: Dit gaan oor die sonde van egskeiding!

- Die HERE weier om julle offers te aanvaar, want Hy het in die saak van hulle egskeidings 'n Getuie geword het. Letterlik beteken dit dat Hy kant gekies het tussen die twee partye en dat Hy nou as Aanklaer teen die mans optree!
- Hy oordeel dat die manne (wat geskei het) hulle vrouens troueloos behandel het.
    - 'n Man wat sy vrou verstoot handel troueloos teenoor haar.
    - (Die vraag is: geld dit dan nie van 'n vrou ook nie?)

Om die verkeerdheid van die manne se optrede nog skerper te stel, noem die Here die verbintenis met die vrou met verskillende beskrywings:

- Die verstote vrou is die vrou van jou jeug.
    - M.a.w. dis die herinnering aan die eerste keer toe jy liefgekry het: die mooiheid, die volheid en die oorweldigende daarvan
- Daarna wys die Here daarop dat die vrou wat hy verstoot het, sy metgesel was.
    - Dit beteken dat sy die een was wat die swaarkry van hulle beginjare en al die hartseer en blydskap wat daar in sy lewe was, gedeel het.
- Laaste noem die Here die verstote vrou die vrou van jou verbond.
    - Met hierdie uitdrukking wys die Here daarop dat die instelling en sluiting van die huwelik vir God heilig en ononderhandelbaar is. Dit mag nie geskend word nie.

(wat die vriend van haar jeug verlaat, en die verbond van haar God vergeet; (Spreuke 2:17 AFR53)

Vers 15

Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n geslag van God gesoek. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie. (Maleagi 2:15 AFR53

Die Skrifverkleerder, Dr. J Ridderbos skryf die volgende van vers 15: "Vers 15 is die moeilikste verklaarbare vers in die hele boek Maleagi!"

Die verklaring is waarskynlik so:

- Die profeet begin om die volk te herinner aan die feit dat God een mens gemaak het.
- Net so het Hy die volk van Israel uitgekies en een eiendomsvolk gemaak.
- Hy het tydens die skepping net een mens gemaak terwyl Hy genoeg Gees oorgehad het om meer mense te maak, maar Hy het nie - Hy wou uit die een mens vir Hom 'n geslag (van gelowiges) laat groei.
- Toegepas: Israel moet dit onthou, want net so het God hulle uitgekies en het Hy bepaalde verwagtinge van hulle.

Die konklusie is dat hulle nie troueloos moet handel teenoor hulle vrouens nie.

Die woorde: Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou van jou jeug nie) is 'n duidelike waarskuwing:

- As jy van jou vrou skei, dan doen jy sonde teen die die gees van lewe wat God in julle albei ingeskape het.
- Jy doen sonde teen jou eie gees en ook aan haar gees.
- Dit mag geen mens doen nie.

Vers 16

Want Ek haat egskeiding, sê die HERE, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die HERE van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie. (Maleagi 2:16 AFR53)

Die vers onderstreep dat die Here dit haat as 'n man van sy vrou skei (bande breek met haar).

Die Here openbaar Homself baie sterk in hierdie uitspraak met twee dinge:

- Die eerste is die openbaring van Wie Hy is: die HERE, die God van Israel.
- Die tweede is die idioom waarmee die Here egskeiding beskryf: dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek.
    - Die Here plaas egskeiding en 'n geweldsmisdaad op een vlak. Die idioom beteken dat die man (wat dit doen) onregmatig bloed vergiet.

Wat merkwaardig is, is dat daar tot op daardie stadium nog geen uitdruklike verbod op egskeiding in die Bybel opgeteken was nie! Die teendeel is inderdaad waar: in Deuteronomium was daar wel 'n wet wat egskeiding onder sekere omstandighede gewettig het:

As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ontdek het, en hy haar 'n skeibrief skrywe en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur, (Deuteronomium 24:1 AFR53)

Maar al was dit nêrens geskryf nie, was die betekenis van die huwelik nog altyd verstaan as bindend en heilig en onbreekbaar solank die partye lewe.

Die feit dat die Here in Maleagi openbaar dat egskeiding nie mag plaasvind nie, is dus 'n openbaringshoogtepunt.

3.2.4. Hoofstuk 2:17 - 3:5 Twyfelvrae en eskatologie: Eerste aankondiging van die dag van die Here - hier veral tot die loutering van die volk en die priesters

Julle vermoei die HERE met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg? Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare. Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring. Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd. En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskare. (Maleagi 2:17 - 3:5 AFR53)

Vers 17

Julle vermoei die HERE met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg? (Maleagi 2:17 AFR53)

Die Here is besig om die vrae wat die volk (gelowiges) vra, te beantwoord. Die volk het natuurlik iets van alles op die spyskaart gehad:

- Daar was streng gelowiges

- en daar was die wat heelwat minder gelowig was
- en daar was ook die wat heeltemal ongelowig geword het.

Die verspreiding het ook onder die priesters voorgekom:

- Daar was die wat geweet het wat gaan aan
- So was daar ook die wat roekeloos was en wat die volk in die verderf ingelei het met hulle eie nuwe (verslapte) geloofsreëls.

Daar was 'n algemene opvatting onder die Jode dat die regering van die HERE beteken dat gelowiges geseën word en dat goddeloses gestraf word.

- Hulle het die indruk gehad dat hulle manier van godsdiens beoefen en aanbidding van die Here reg is.
- Daarom het hulle verwag dat hulle geseën moet word en al die ander mense wat daar woon, gestraf moet word.

Toe doen die Here nie so nie, want die ongelowiges en die wat sogenaamd gelowig was, maar hulle eie ding gedoen het (siek offers ens.) het die HERE genoodsaak om strawwend op te tree teen die hele volk. Dit is waar die vraag vandaan kom: Waarmee maak ons die Here moeg?

Om die Here moeg te maak, is 'n idiomatiese uitdrukking wat beteken om die Here te pla.

'n Mens se aanbidding kan die Here irriteer as dit moedswillig is en verkeerd is. Dink byvoorbeeld aan Jesaja se uitspraak:

Jy het nie vir My die kleinvee van jou brandoffers gebring nie, en met jou slagoffers het jy My nie geëer nie; Ek het jou geen oorlas aangedoen met spysoffers en jou nie vermoei met wierook nie. (Jesaja 43:23 AFR53)

In die geval van hierdie vers, pla hulle die Here omdat hulle sy manier van doen bevraagteken.

Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die HERE, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg?

Hulle wil hê die Here moet regeer volgens hulle voorskrif. Hulle verwag

- Dat die Here hulle moet seën (en sy oë toedruk vir hulle sondes! Hulle het dus nie 'n sondebesef of skuldbesef nie!)
- Die Here moet die "ander mense" straf (omdat die Jode dink daardie mense verdien straf).

Daarop antwoord die Here dat Hy sy boodskapper (Maleagi beteken: my boodskapper!) vooruitstuur en dat Hy na sy tempel sal kom. Hy gaan kom om te oordeel!

- In hierdie woorde is daar natuurlik troos vir die ware gelowiges, want die Here gaan dan die mense wat verkeerd is teenoor die HERE straf.
- Maar net so is daar oordeel in die woorde vir al die wat aan die verkeerde kant van gehoorsaamheid aanbid het!

Maar daar is ook 'n skerp waarskuwing vir die vromes in die aankondiging van die Here se koms:

- Wat gaan die Here met hulle doen, want hulle beskuldig die Here daarvan dat elke kwaaddoener in die HERE se oë goed is: Hy seën dan die kwaaddoeners!
- Hulle maak dan aanspraak op die Here se oordeel: waar is anders die God van die reg? Hulle vra 'n vraag waarvan hulle self die uitkoms nie verstaan nie!
- Vraag: doen ons nie ook baie keer dieselfde ding nie? - naamlik dat ons dinge voor die Here se deur lê omdat onsself verkeerd is nie?!

Hoofstuk 3

Vers 1

Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die Engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die HERE van die leërskare. (Maleagi 3:1 AFR53)

Die HERE antwoord nou verder op die vrae wat die gelowiges in die vorige vers gestel het. Hy is haastig om te kom oordeel.

Sy koms word beskryf in die beelde van hoe 'n koning destyds na sy paleis toe gegaan het.

- 'n Boodskapper of herout is vooruit gestuur.
- Hy moes sorg dat alle versperrings uit die pad is dat die koning kan verbygaan.
- Terselfdertyd kondig hy vir almal aan dat die koning op pad is.

Die gedagte staan ook in Jesaja 40:3

'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE; maak gelyk in die wildernis 'n grootpad vir onse God! (Jesaja 40:3 AFR53)

Die woord boodskapper kan natuurlik 'n sinspeling daarop wees dat Maleagi daarmee aandui dat hyself 'n koninklike aankondiger is wat deur God gestuur is.

Volgens die Nuwe Testament is hierdie profesie vervul met die optrede van Johannes die Doper:

En jy, kindjie, sal 'n profeet van die Allerhoogste genoem word, want jy sal voor die aangesig van die Here uitgaan om sy weë reg te maak; (Lukas 1:76 AFR53)

Want dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak. (Matteus 11:10 AFR53. Vergelyk ook Markus 1 AFR53)

Dit is hy van wie daar geskrywe is: Kyk, Ek stuur my boodskapper voor u aangesig, wat u weg voor U uit sal regmaak. (Lukas 7:27 AFR53)

Die voorloper is egter nie die belangrikste nie. Die een wat op die voorloper volg is die belangrikste: die koning. In die. geval die ewige Koning!

Kyk hoe word Hy in hierdie vers aangekondig:

- Eers as die Here na wie julle soek,
    - Die Naam Here wys daarop dat Hy die Koning is en dat Hy regeer.
    - Dit beskryf die Here in sy hoogheid.
- Daarna as …naamlik die Engel van die verbond,
    - Die Engel van die Verbond is JAHWÊ. Dis die HERE, die Verbondsgod
    - Die Naam hou verband met die ander naam: die Engel van die HERE. Hierdie Naam wys op Jesus Christus. Die Engel van die HERE is die tweede Persoon van God: die Middelaar en Verlosser.
    - Die Engel van die Verbond kom na sy tempel toe waar Hy sy plek op sy troon gaan inneem en oordeel oor reg en verkeerd en om te regeer tot in ewigheid. So neem die HERE sy intrek onder sy volk.
- En toe as die HERE van die leërskare.
    - Dié Naam beskryf die HERE as die regeerder oor alle engele en mense in tyd en ewigheid.

Eers kom die herout en dan in verblindende majesteit, kom die Koning. Dit gebeur onverwags en haastig: …dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek…!

- Dan word die verlossing bewerk
- En die oordeel voltrek

Vers 2-4

Maar wie kan die dag van sy koms verdra? En wie kan standhou as Hy verskyn? Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers. En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger van silwer, en Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring. Dan sal die offer van Juda en Jerusalem vir die HERE aangenaam wees soos in die ou dae en soos in die jare van die voortyd. (Maleagi 3:2-4 AFR53)

Die HERE kom!

- Maar weet die wat al die vrae vra en antwoorde eis wat alles gaan gebeur as die HERE kom?
- Is hulle seker van hulle posisie voor die HERE as Hy kom?

Die HERE kondig die skerp oordeel aan wat saam met sy koms voltrek gaan word. Dit laat mens dink aan Amos 5:

Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie. Soos wanneer iemand vlug vir 'n leeu, maar 'n beer loop hom raak; of hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom! Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal? (Amos 5:18-20 AFR53)

Die Here druk die ontsaglike erns van sy Koms op die kerkvolk se hart en verstand.

Sy boodskap stel dit duidelik dat nie alle mense in sy oordeel gaan omkom nie:

- Die vromes sal gered word. Dit word uitdruklik gesê in Maleagi 3:17 en 4:2:

Maleagi 3:17
En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien.

Maleagi 4:2
Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

- Die sondaars gaan almal omkom:

Want Hy sal wees soos die vuur van die smelter en soos die loog van die wassers.

Daar is twee beelde wat die Here se suiweringswerk beskryf:

- Die HERE is 'n brandende vuur wat mense wat Hom onreg aandoen, verbrand soos wat 'n smelter se vuur alle onsuiwerhede uit die metaal waarmee hy werk, uitbrand.

Vergelyk hierby: Jesaja 1:25, Sagaria 13:9 en 1 Petrus 1:7.
Jesaja 1:25
En Ek sal my hand teen jou uitstrek en jou skuim soos met loog uitsuiwer en al jou looddele wegneem.

Sagaria 13:9
Dan sal Ek die derde deel in die vuur bring en hulle smelt soos 'n mens silwer smelt en hulle toets soos 'n mens goud toets. Hulle sal my Naam aanroep, en Ek sal hulle verhoor. Ek sê: Dit is my volk! En hulle sal sê: Die HERE, my God!

1 Petrus 1:7
sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus;

- Die HERE is soos loog (loogsout) waarmee klere normaalweg gebleik is, maar die smelters het dit ook in

hulle gesmelte metale gegooi om dit nog suiwerder te kry.

Daar is 'n belangrike tussenbeskrywing: dit is die woorde …En Hy sal sit: 'n smelter en reiniger (met die klem op sit).

- Dit verwys na die troon waarop die koning in sy tempel (vers 1) gaan sit.
- Dit beeld die HERE in sy absolute regeermag uit.

Hierna verander die beeld weer:

- Die Here word nou nie meer met vuur vergelyk nie. Die Here is nou 'n silwersmid.
- Die HERE se oordeel word nader beskryf:
    - Sy oordeel begin by die ampsdraers in die kerk. Die seuns van Levi is die hele priestervolk.

Hy sal die seuns van Levi reinig en hulle louter soos goud en soos silwer, sodat hulle aan die HERE in geregtigheid 'n offer sal bring.

- Die openbaring is: Daar word 'n suiwer priesterdom tot stand gebring deur die HERE. Die HERE voltrek 'n proses van sifting onder al die ampsdraers in sy Kerk.
- Dadelik werk dit deur na die volk toe ook: Die offers sal weer reg en goed vir die HERE wees (anders as wat dit die geval was tydens Maleagi se prediking).
- Die offers gaan dus weer aan die Goddelike eis beantwoord.
- Dit betrek sowel
    - die hoedanigheid (vorm en inhoud) van die offer
    - as die gesindheid van die priesters

Vers 5

En Ek sal tot julle nader om strafgerig te hou, en Ek sal 'n haastige getuie wees teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie, sê die HERE van die leërskare. (Maleagi 3:5 AFR53)

Meteens verbreed die profeet se aanspraak: nou gaan dit oor die hele volk:

Ek sal tot jullenader…

In dié vers versmelt verskillende beelde in die hofsaal van die Here met mekaar:

- Die Here sit as die Regter op sy troon.
- Maar die HERE is ook die Aanklaer (haastige getuie): Ek sal 'n haastige getuie wees.
- Die beeld van die silwersmelter word nou verander na die een van die Aanklaer toe.
    - Dit maak egter geen verskil nie, want dit versterk net die feit van die gebeurtenis:
        - Die ongelowiges word gestraf en die gelowiges vrygespreek.
        - Die HERE self bring skuld en onskuld van elke mens na vore.
- Die HERE is dus Regter en Aanklaer.

NB op ander plekke in die Bybel neem die duiwel die posisie van aanklaer in, bv. Sagaria 3: 1.

In hierdie vers kom die siftingsproses ook weer duidelik uit: Die HERE straf nie die hele volk man vir man nie: Hy sif hulle uit:

..teen die towenaars en teen die egbrekers en teen die meinediges en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot en My nie vrees nie..

Hierdie klomp verkeerde dinge wat in die volk van die HERE bestaan, kom hoofsaaklik uit die heidendom uit. Dit is waar die ellendige gevolge van die "gemengde huwelike" homself wreek op die kerkvolk.

Want U het u volk verwerp, die huis van Jakob, omdat hulle vol is van wat die Ooste aanbied, en van goëlaars soos

die Filistyne, en met die kinders van vreemdes dryf hulle handel. (Jesaja 2:6 AFR53)

En 'n sekere man met die naam van Simon het vantevore in die stad met towery omgegaan en die bevolking van Samaría verbyster deur te sê dat hy iets besonders was. (Handelinge 8:9 AFR53)

En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus. (Handelinge 13:6 AFR53)

…die egbrekers en teen die meinediges…

Om te kan skei, moet jy meineed pleeg, want jy verbreek die verbond wat jy met God en jou eggenoot gesluit het.

Die sosiale sondes word ook genoem, maar met 'n uitsondering:

… en teen die wat die dagloner in sy loon, die weduwee en die wees verdruk; en teen die wat die vreemdeling wegstoot …

Die gewone drietal is: weduwees, die wese en vreemdelinge. Nou word die dagloners ook bygevoeg

NB Die Bybel bring hier 'n baie belangrike balans:

- Aan die een kant bestry Maleagi die gemengde huwelike
- Maar aan die ander kant beskerm God se reg tog die vreemdelinge ook.

Opmerking:

- Dit wat in vers 1 staan, van die wegbereider en die Engel van die Verbond verwys spesiaal na Johannes die Doper en Jesus Christus se eerste koms.
- Verder is die profesie ook 'n openbaring daarvan dat die HERE met sy oordeel die volk Israel gaan louter deur die gereddes uit te loog (smelt) in die gemeente van die Nuwe Verbond in.

Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer dit is julle redelike godsdiens. (Romeine 12:1 AFR53)

Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; (Jeremia 31:31 AFR53)

Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, (Hebreërs 8:8 AFR53)

As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning. (Hebreërs 8:13 AFR53)

3.2.6 Hoofstuk 3:6-12 (twyfelvrae en eskatologie)

Die versuim van die volk om hulle verpligte bydraes te bring is die oorsaak van die heersende rampspoed

Want Ek, die Here, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die Here van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer? Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare. En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 3:6-12 AFR53)

Daar is 'n verskil in gedagtegang tussen hierdie perikoop en die twee perikope weerskante daarvan (die een wat dit

voorafgaan en die een wat daarop volg).

- Albei dié twee perikope kondig die dag van die Here aan.
- Albei dié perikope kondig aan dat die goddeloses op die dag van die Here gestraf gaan word en die vromes vrygespreek gaan word.
- In hierdie perikoop word die hele volk bestraf en tot bekering opgeroep.

NB:

- Natuurlik beteken dit nie in die ander twee perikope dat as die dag van die Here aangekondig word, daar geen oproep tot bekering mag wees nie.
- Dit beteken ook nie dat die Here nie wil hê dat die volk moet herstel voordat Hy met sy oordeelsgerig op die aarde toeslaan nie.
- Dit beteken ook nie dat vers 16 in teenstelling staan met vers 9 nie (omdat vers 16 leer dat die vromes gered gaan word, en vers 9 dat die Here die hele volk dreig). Die vromes moet hulle ook voorberei vir die dag van die Here!

Hierdie gedeelte is ook die Here se antwoord op die volk (oor die algemeen) se klagtes oor God se bestuur van hulle geskiedenis. Daarom antwoord die Here daarop met 'n sondebestraffing, maar ook met troos.

Vers 6, 7a

Want Ek, die Here, het nie verander nie; en julle, kinders van Jakob, is nie verteer nie. Sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie. (Maleagi 3:6-7 AFR53)

Hierdie gedeelte van die profesie begin met die versekering dat die Here nie verander het nie. Dit sien op twee dinge:

- Die straffende geregtigheid van die Here,
- maar ook sy liefde vir sy volk.

Die Here se liefde kom tog sterk daarin uit dat Hy te kenne gee dat hy wil hê dat sy volk tot bekering moet kom (terug na Hom toe). Dit staan teenoor die klag van die volk dat:

- die Here hulle verlaat het; en
- dat hulle nie die (genade)werk van die Here sien nie, want hulle sien slegs die voorspoed van die gelowiges.

Die Here antwoord hierop dat die oorsaak van alles die kinders van Jakob is wat sedert die dae van julle vaders het julle van my insettinge afgewyk en dit nie onderhou nie.

In ons praattaal: Die Israeliete hou nou al vir geslagte aan om die Here te tart en teen Hom sonde te doen.

Vers 7b-9

Keer terug na My, en Ek wil na julle terugkeer, sê die HERE van die leërskare. Maar julle vra: Waarin moet ons terugkeer? Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! (Maleagi 3:7b-9 AFR53)

Daarop volg nou 'n opwekking: Keer terug na My.

Die Here onderneem dat Hy daarop sal reageer: Ek wil na julle terugkeer. Dit beteken dat hulle dan weer opnuut die Here se genade sal ervaar.

- Dit kan ook nie anders nie, want die Here het dan dieselfde gebly!

Vers 8 is die Here se antwoord op die volk se vraag: Van watter sondes moet ons ons bekeer?

Waarin moet ons terugkeer? Mag 'n mens God beroof?

Die volk wou dit nie glo nie, toe vra hulle:

Waarin het ons U beroof?

In hierdie antwoord gee die Here die kern van hierdie profesie: Hy verwyt hulle dat hulle Hom beroof.

In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!

Die Here maak dit duidelik dat dit iets geweldig skandeliks is om dit wat God toekom, vir jouself terug te hou.

Die tiendes en die offergawes verwys na twee soorte bydraes wat die Israeliete moes maak:

- Die tiende was om die Leviete te onderhou.

Want die tiendes van die kinders van Israel wat hulle aan die here as offergawe afgee, gee Ek aan die Leviete as erfdeel. Daarom het Ek aangaande hulle gesê: Hulle moet onder die kinders van Israel geen erfdeel kry nie. (Numeri 18:24 AFR53)

- Dan was daar nog 'n ander heffing ook wat hiermee saamgegaan het. Dis 'n bydrae vir die heiligdom. Daardie woord kom in hierdie gedeelte voor. Hulle beroof die Here in die tiendes en in die offergawe:

En elke heffing van al die heilige gawes van die kinders van Israel wat hulle na die priester bring, moet syne wees. (Numeri 5:9 AFR53)

Vers 9 wys bloot daarop dat die Here die hele volk met vloek belaai het as gevolg van hierdie oortreding. Die wat almal met die vloek getref word, word deur die Here omskryf as:

. . . julle, die hele nasie!

Die hele volk word dus deur die Here gestraf.

Ons weet dat die vloek onder andere oesskade ingesluit het. Die oeste het misluk as gevolg van sprinkane en droogtes.

. . . julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkende beurs te steek. (Haggai 1:6 AFR53)

Julle het uitgesien na baie, en kyk, dit het min geword; en julle het dit in die huis gebring, maar Ek het dit weggeblaas. Waarom? spreek die Here van die leërskare. Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop. Daarom het die hemel bo julle die dou ingehou en die aarde het sy opbrings teruggehou. (Haggai 1:9-10 AFR53)

Wat die afknyper laat oorbly het, het die treksprinkaan verslind; en wat die treksprinkaan laat oorbly het, het die voetganger verslind; en wat die voetganger laat oorbly het, het die kaalvreter verslind. (Joël 1:4 AFR53)

Vers 10-12

Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die Here van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare. En al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehae sal wees, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 3:10-12 AFR53)

Die oproep dat die volk tot bekering moet kom, word nou nader verduidelik:

- Almal moet hulle volle tiende vir die Here bring. Hulle moenie siek diere bring, of 'n gedeelte van hulle tiende terughou nie.
- Die skathuis is 'n vertrek aan die tempel waar die tiendes wat vir die Here gebring is, gedeponeer is.

En die priester, die seun van Aäron, moet by die Leviete wees as die Leviete die tiendes invorder, en die Leviete moet 'n tiende van die tiendes na die huis van onse God bring, in die kamers van die skathuis. (Nehemia 10:38 AFR53)

Die bedoeling is dat die Here die volk uitdaag om Hom te beproef.

- Hy gaan die toets slaag - as hulle net in staat is om te kan doen wat Hy van hulle vra!
- Hy sal vir hulle die vensters van die hemel oopmaak en 'n oorvloedige seën oor hulle uitstort.
- In die eerste plek behoort in hierdie geval gedink te word aan die geweldige droogte wat daar geheers het en wat hulle oeste vernietig het. Reën sou dus nog 'n deel van die oes kon red.
- Die oorvloedige seën kon ook beteken dat die Here die treksprinkane sou keer en vernietig wat baie keer saam met die droogtes gegaan het - en dus ook op hierdie manier die volk se graanoes en wynoes beskerm.

Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie, sê die Here van die leërskare.

- 2 Konings 7:2 verwys ook na "vensters in die hemel" - maar dan na oorvloed kos om te eet.

Vers 12 beklemtoon die gevolge van gehoorsaamheid aan God buite die volksgrense: Die nasies sal dink hulle het 'n baie goeie land.

- Nasies is die heidene - dis dié wat nie binne die verbond en die uitverkiesing van die Here lê nie.
- Die profeet Sagaria het vantevore al presies dieselfde ding geprofeteer:

En soos julle 'n vloek gewees het onder die nasies, o huis van Juda en huis van Israel, so sal Ek julle verlos, dat julle 'n seën kan wees. Wees nie bevrees nie, laat julle hande sterk wees. (Sagaria 8:13 AFR53)

3.2.7 Hoofstuk 3:13 - 4:3

Die tweede aankondiging van die dag van die Here met nadruk op die aspekte van gerig en heil - respektiewelik vir die goddeloses en die vromes in Israel

Vermetel is julle woorde teen My, sê die Here. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek? Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die Here van die leërskare te wandel? En nou prys ons die vermeteles gelukkig; nie alleen word die wat goddeloosheid bedrywe, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry! Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie. Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 3:13 - 4:3 AFR53)

Die Here kom nou terug op die twyfelvrae wat in Hoofstuk 2:17 gestel is:

Julle vermoei die Here met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die Here, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg? (Maleagi 2:17 AFR53)

Vers 13 en 14

Vermetel is julle woorde teen My, sê die Here. Maar julle vra: Wat het ons onder mekaar teen U gespreek?Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die Here van die leërskare te wandel? (Maleagi 3:13-14 AFR53)

Die mense met wie die Here praat is net soos in hoofstuk 2:17 die vromes. Die nadruk val daarop dat die Here (menslik geproke) nie langer hulle ongeduld en aanslag op Hom wil verdra nie. Hy gaan nou stappe doen om hulle klagtes te beëindig.

Die volk vra wat dit nou eintlik is wat hulle vir mekaar gesê het wat die Here so kwaad gemaak het. Dan antwoord die Here in vers 14 dat hulle gesê het dat dit tevergeefs is om God te dien, en dat dit hulle niks baat om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die Here van die leërskare te wandel nie.

Hulle klag is maar in wese dieselfde as die klag wat Asaf gehad het: Waarom moet ek die Here dien as Hy my laat sukkel, terwyl Hy die goddeloses seën en hulle allerhande voorspoed in die lewe ervaar?

Hulle klag het twee komponente:

- Die een is: Dit baat mens nie om die Here te dien nie.
    - Die diens aan die Here word beskryf met:
        - Ons onderhou sy verordeninge/eise
        - Ons dra rouklere: Ons verneder onsself voor die Here oor al ons sondes

Vergelyk hiervoor die volgende Skrifgedeeltes:

Ek gaan daarheen in die rou, sonder son; ek staan op in die vergadering, ek roep om hulp. (Job 30:28 AFR53)

Ek is krom, heeltemal geboë; die hele dag gaan ek in die rou; (Psalms 38:6 (38:7) AFR53)

Ek wil spreek tot God: My rots, waarom vergeet U my? Waarom gaan ek in die rou deur die vyande se verdrukking? (Psalms 42:9 (42:10) AFR53

Gewoonlik het hierdie rouproses gepaard gegaan met vas:

En ek - toe hulle siek was, het ek 'n roukleed gedra; ek het my siel gekwel met vas, en my gebed het teruggekeer in my boesem. (Psalms 35:13 AFR53)

Omgord julle en klaag, o priesters! Huil, dienaars van die altaar! Kom, vernag in rouklere, dienaars van my God! Want die spysoffer en die drankoffer is geweer van die huis van julle God. Heilig 'n vasdag, roep 'n vergadering saam! Versamel die oudstes, alle inwoners van die land in die huis van die Here julle God, en roep tot die Here. (Joël 1:13-14 AFR53)

- Die rouklere was gewoonlik 'n sak. Iewers het die gebruik ontstaan om in die plek van die gewone klere 'n sak aan te trek sodat almal kan sien dat jy oor iets rou.
- Die woord wat Maleagi gebruik, is 'n sterker woord wat ook nog vuil klere beteken.
- Om vuil te wees was ook 'n teken van rou. Hulle het soms grond of as op hulle koppe gegooi wanneer hulle gerou het

Die simboliek: Iemand wat so rou, is bewus daarvan dat God se oë op hom rus, en uit ontsag daarvoor trek hy rouklere/treurklere aan.

Vers 15

En nou prys ons die vermeteles gelukkig; nie alleen word die wat goddeloosheid bedrywe, gebou nie, maar hulle versoek God en raak vry! (Maleagi 3:15 AFR53)

- Die tweede komponent is: Die vermeteles word geprys omdat hulle gelukkig is (God maak hulle gelukkig!).
    - Die woord kan ook vertaal word met oormoediges, maar dit beteken ten diepste goddeloses.
    - Die goddeloses kom nie kwaad oor nie (sê en dink hulle), terwyl die goddeloses God versoek!
    - Die goddeloses bedryf goddeloosheid en versoek God.

- Hierdie versoek God beteken hulle toets die Here se onderskeidingsvermoë om te sien of Hy weet wie Hy moet straf en wie ni

Is die mense wat God verwyt regtig vroom?

- Net die feit dat die sogenaamde gelowiges die goddeloses gelukkig prys, bewys dat hulle ook nie opreg is in hulle geloof nie.
- Hulle is self so verwytend teen die Here dat hulle dink hulle weet beter as die Here (. . . julle sal soos God wees. . . !?)
- Hulle is ook totaal sonder toekomsperspektief, want hulle kan nie die eindresultaat op die dag van die Here in berekening bring nie (of glo hulle nie meer daaraan nie?).

As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. (1 Korintiërs 15:19 AFR53)

- 'n Gunstige oordeel oor goddeloses kan net bestaan as jy die volle raad van God uit die oog verloor en dit nie meer in perspektief sien nie.

Vers 16

Toe het die wat die Here vrees, met mekaar gespreek; en die Here het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die Here vrees en sy Naam eer. (Maleagi 3:16 AFR53)

Die Heilige Gees openbaar met hierdie enkele woorde dat alle mense nie altyd aan die saampraat teen God is nie.

- Daar is altyd (al is hulle soms min!) mense wat die Here vrees/dien/opreg eer en aanbid.
- Hulle soek en vind mekaar en dan bid hulle opreg saam en praat dinge wat reg is!

ie Here teken die ware vromes se name in sy gedenkboek op:

- Hy sien, neem waar en gee erkenning aan die wat opreg glo - selfs onder moeilike en verwarrende omstandighede.
- Die feit dat hulle die Here vrees, beteken nie dat hulle sonder sondes is wat deur God gestraf moet word nie.
- Hulle is egter die wat in selfbeproewing kan gaan, en wat die Here nie dinge verwyt wat hulleself nie kan verstaan nie.

e Here se houding teenoor hierdie sogenaamde vromes word duidelik uitgestippel:

- Die Here kan onderskei en Hy onderskei inderdaad!
- Hy weet wie van die vromes in sy kerk ware vromes is en wie sê hulle is vroom maar Hom loop en beswadder.

Daarom gee die Here 'n bevel dat daar 'n gedenkboek geskryf moet word.

- Voor sy aangesig beteken dat dit in sy heilige teenwoordigheid is, en dat dit die Here altyd sal bybly.
- Die boek word geskryf ten goede van die wat die Here vrees en sy Naam eer. Om die Here se Naam te eer, beteken dat die Here se Naam in waarde/respek gehou word.

Die voorstelling van die boek wat geskryf word, is waarskynlik as beeldspraak bedoel. Daar is meer voorbeelde hiervan in die Bybel, byvoorbeeld: Die Boek van die Lewe. Vergelyk die volgende Skrifuitsprake:

Nou dan, as U tog maar hulle sonde wou vergewe! En so nie, delg my dan maar uit u boek wat U geskryf het!Toe het die Here Moses geantwoord: Wie teen My gesondig het, dié sal Ek uitdelg uit my boek. (Eksodus 32:32-33 AFR53)

En wie in Sion oorgebly het en gespaar is in Jerusalem, dié sal heilig genoem word, elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem. (Jesaja 4:3 AFR53)

En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in dié tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. (Daniël 12:1 AFR53)

En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. (Openbaring 20:12 AFR53)

Dit was in daardie tye gebruiklik dat die heersers boeke aangehou het met (tempel)skrywers wat dinge wat mense gedoen het en hulle name sorgvuldig opgeteken het. Vergelyk:

In dieselfde nag het die slaap van die koning gewyk, en hy het gesê dat hulle die gedenkskrif, die kronieke, moes bring. En toe dit die koning voorgelees word, (Ester 6:1 AFR53)

So sê die Here: Skryf hierdie man op as kinderloos, 'n man wat nie voorspoedig sal wees in sy dae nie; want dit sal niemand van sy geslag geluk om te sit op die troon van Dawid en nog oor Juda te heers nie. (Jeremia 22:30 AFR53)

En my hand sal wees teen die profete wat bedrieglike gesigte sien en leuens waarsê: hulle sal in die vergadering van my volk nie wees nie en in die boek van die huis van Israel nie opgeskryf word nie en in die land van Israel nie kom nie; en julle sal weet dat Ek die Here Here is. (Esegiël 13:9 AFR53)

Wat hierdie gedenkboek van die Here in Maleagi baie belangrik maak, is dat die Here daarmee openbaar dat Hy nie twee stelle oordeel het nie.

- Hy het nie een stel waardes waarmee Hy Israel oordeel, en
- 'n ander stel waarmee Hy die heidene oordeel nie.

Die Here se oordeel is konsekwent:

- Die Here oordeel die binne die volk wat glo, met sy genade: Hulle name (en hulle dade) word opgeskryf.
- Die van die volk wat skynheilig en 'n skynvroomheid handhaaf, word presies soos die goddeloses buite die volk geoordeel.

In hierdie optrede van die Here het ons 'n skerp heenwysing na die Nuwe Testament in Jesus se woorde:

Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. (Matteus 7:21 AFR53)

Of die woorde in die Romeinebrief:

Maar ek sê dit nie asof die woord van God verval het nie; want hulle is nie almal Israel wat uit Israel is nie. (Romeine 9:6 AFR53)

Vers 17

En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die Here van die leërskare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. (Maleagi 3:17 AFR53)

Hier word die heil beskryf wat die Here vir die vromes in gedagte het. Dinge gaan nie bly soos wat dit in daardie stadium was nie.

- Die Here gaan 'n bepaalde dag skep/laat aanbreek waarop dinge meteens gaan verander.
    - Die dag het 'n naam: Die dag van die Here.
- Op daardie dag gaan die Here die ware gelowiges (vromes) sy eiendom maak.

Hiermee gaan baie ou beloftes in vervulling, maar word daar ook verklaar hoe die beloftes in vervulling gebring word deur die Here:

As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. (Eksodus 19:5 AFR53)

- Die Jode het geglo dat al wat 'n Jood is, daardie dag gered gaan word.
- Nou openbaar die Here dat dit beslis nie sy bedoeling is nie: Die vromes is die ware Israel en net hulle word gered.

Die Here druk sy liefde vir sy eiendom uit in die beeld dat die Here aan die vromes liefde sal bewys, soos wat 'n vader sy seun liefhet wat hom dien.

- Die vromes is dus nie net diensknegte van die Here nie; hulle is ook sy kinders.
- Die vromes kom dus in die oordeelsdag by die Here tuis soos wat kinders by hulle ouerhuis tuiskom.
- Ons het dus hier 'n Ou-Testamentiese vorm/profesie van die Nuwe-Testamentiese aanneming tot kinders:

En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onsself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam. (Romeine 8:23 AFR53)

Vers 18:

Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie. (Maleagi 3:18 AFR53)

Al die mense wat in die tyd van Maleagi so saamgespan het met hulle praatjies en klagtes teen die Here, gaan dan tot 'n ander insig kom!

- Hulle gaan dan met hulle oë sien hoe die Here inderdaad die onderskeid maak tussen regverdige mense en onregverdige mense.
- Die hartseer is net dat hulle dit dan aan hulle lywe ook gaan voel!

Maleagi 4:1

Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. (Maleagi 4:1 AFR53)

Vroeër is die dag van die Here beskryf as 'n dag wat vir die vromes 'n baie heilsame gevolg gaan hê. Nou verander die trant van die dag: Die dag het twee kante!

- Eerstens gaan dit die oordeel van die Here oor die goddeloses bring.
- Die dag van die Here kom soos 'n brandende oond.

Die Here word meer kere in die Bybel 'n vuur genoem, of met 'n vuur vergelyk. Die volgende uitsprake is almal voorbeelde daarvan:

Daarop verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie! En Moses sê: Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk, waarom die doringbos nie verbrand nie. (Eksodus 3:2-3 AFR53)

En die Here het voor hulle uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om hulle voor te lig, sodat hulle dag en nag kon trek. (Eksodus 13:21 AFR53)

En die Lig van Israel sal 'n vuur wees, en sy Heilige 'n vlam; en dit sal sy distels en sy dorings verbrand en verteer op een dag. (Jesaja 10:17 AFR53)

Want onse God is 'n verterende vuur. (Hebreërs 12:29 AFR53)

Die beeld word veral gebruik wanneer die Here in sy oordeel geopenbaar word:

Kyk, die Naam van die Here kom van ver af, sy toorn brand, swaar wolke kom op; sy lippe is vol grimmigheid en sy tong soos 'n verterende vuur, (Jesaja 30:27 AFR53)

'n Vuur gaan voor sy aangesig uit en steek sy teëstanders rondom aan die brand. (Psalms 97:3 AFR53)

Die beeld van vuur word gebruik om verskillende dinge uit te beeld:

- Dit beeld die verterende en geweldige krag van God uit waarmee Hy alles voor Hom uit wegbrand - dus: verdelg tot in die hel.
- Dit beeld ook die onkeerbaarheid uit waarmee Hy die mensdom in sy oordeel gaan suiwer - soos wat vuur gebruik word om metaal te louter.

Die feit dat die dag brand soos 'n oond sluit aan by die bekende gebruik om brood te bak in 'n oond, of om selfs kos gaar te maak in 'n oond. Dink hier aan die sluiting van die verbond waar dieselfde beeld gebruik word:

En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkel tussen dié stukke vleis deur. (Genesis 15:17 AFR53)

Die beeld word in Maleagi 4:1 nog sterker gestel: Wanneer die dag van die Here kom, gaan al die klaers en verwyters verteer word soos wat 'n geweldige vuur kaf wegbrand en verteer.

. . . Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare;

Vergelyk dit met die volgende tekste wat almal hierdie beeld gebruik:

Daarom, soos die vuurtong stoppels verteer en droë gras in die vlam inmekaarsak, so sal hulle wortel soos poeier word en hulle uitspruitsel soos stof opstuiwe; omdat hulle die wet van die Here van die leërskare verwerp het en die woord van die Heilige van Israel verag het. (Jesaja 5:24 AFR53)

Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van die grimmigheid van die Here te red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word; want Hy bring vernietiging, ja, 'n verskriklike, oor die inwoners van die aarde. (Sefanja 1:18 AFR53)

Dan sal die huis van Jakob 'n vuur wees en die huis van Josef 'n vlam, maar die huis van Esau 'n stoppel; en dié sal hulle aan die brand steek en hulle verteer, sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie, want die Here het dit gespreek. (Obadja 1:18 AFR53)

Die laaste deel van vers 1 gebruik nog weer 'n nuwe beeld:

. . . sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie. (Maleagi 4:1 AFR53)

Al is dit 'n ander beeld, is dit ook 'n bekende beeld wat destyds gebruik is om die oordeel van die Here uit te beeld. Amos het dit ook gebruik:

En tog het Ék die Amoriet voor hulle uit verdelg wie se hoogte was soos die hoogte van die seders, en hy was sterk soos die eikebome; maar Ek het sy vrug daarbo en sy wortels daaronder verdelg. (Amos 2:9 AFR53)

Vers 2

Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal. (Maleagi 4:2 AFR53)

Teenoor die verskriklike oordeel wat sopas in vers 1 beskryf is, openbaar die Here nou weer sy genade oor die wat Hy red. Die son van geregtigheid sal opgaan oor al die mense wat die Here se Naam vrees.

Geregtigheid beteken in dié sin dieselfde as verlossing. Die uitdrukking kom uit die regswêreld waar 'n regter met sy beslissing iemand kon vryspreek - hom dus geregtigheid skenk - en daardeur die nood en die druk van die persoon af wegvat.

Vir die gebruik van die woord geregtigheid kan na die volgende gedeeltes gekyk word:

Laat dit drup, o hemele, van bo af, en laat die wolke vloei van geregtigheid; laat die aarde oopgaan, en laat heil voortkom en geregtigheid; laat hulle saam uitspruit. Ek, die Here, het dit geskape. (Jesaja 45:8 AFR53)

Luister na My, julle wat hard is van hart, julle wat ver is van die geregtigheid! (Jesaja 46:12 AFR53)

Ag, as jy maar na my gebooie geluister het, dan sou jou vrede gewees het soos 'n rivier en jou geregtigheid soos die golwe van die see; (Jesaja 48:18 AFR53)

My oorwinning is naby, my heil trek uit en my arms sal die volke oordeel; op My sal die eilande wag, en op my arm sal hulle hoop. Slaan julle oë op na die hemel en aanskou die aarde daaronder; want die hemel sal soos rook verdwyn en die aarde soos 'n kleed verslyt en sy bewoners soos muskiete sterwe; maar my heil sal vir ewig bestaan en my geregtigheid nie verbreek word nie. (Jesaja 51:5-6 AFR53)

. . . want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar my geregtigheid sal vir ewig bestaan en my heil van geslag tot geslag. (Jesaja 51:8 AFR53)

Die geregtigheid van die Here sal alle ongeregtigheid verdryf soos wat die son opkom en al die donker (duisternis) verdryf en vervang met helderskynende lig.

Die vers brei die beeld uit met die woorde: en daar sal genesing onder sy vleuels wees. Daarmee word die verlossing wat oor die gelowiges gaan kom op die dag van die Here wyer verduidelik: Daar sal in die hiernamaals geen siekte (geestelik en liggaamlik) wees nie. Die Here verwyder dit ook.

Hierdie woorde openbaar duidelik dat ons met die wederkoms ook liggaamlik herskep gaan word. In daardie sin sluit die son van geregtigheid aan by die vervulling van die verlossingsraad van God in Jesus Christus.

Die gebeurtenis (wat verskriklik is vir die goddeloses) gaan soveel uitbundige blydskap vir die vromes inhou, dat hulle aan hulle uitbundigheid uiting gaan gee soos kalwers wat 'n tyd in die stal was, en nou uitgejaag word en huppel en bokspring van blydskap omdat hulle uit die stal uit is.

. . . en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

Vers 3

En julle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare. (Maleagi 4:3 AFR53)

Die goddeloses en skynvromes sal dan nie meer die voorreg hê om die ware gelowiges te kwel en te verdruk nie. Hulle sal word soos stof wat onder die huppelendes se voetsole lê terwyl daar rondgespring word in jubeling en blydskap.

Dit is 'n tipiese Ou-Testamentiese beeld wat die triomf van die gemeente van die Here oor hulle teenstanders beskryf.